



LAERSKOOLO TUINE

Uniek... Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENBRIEF NR. 1 van 2019

Geagte Ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

1 Samuel 17 (verse 10 – 45)

Twee weke gelede het ons Kersfees gevier. Hoe heerlik was dit nie om saam met mede Christene te kon verenig in kersliedere en geloof in Jesus Christus, ons Here nie!

Die verhaal van engele, wyse manne en skaapwagters asook die kind in die krip, het ons geloof 'n hoogtepunt laat bereik. Die goeie nuus van Jesus dat Hy na almal toe gekom het, ook na doodgewone mense. Groot of klein, wie jy ook al is en wat jy ook al doen – jy kan Jesus in jou lewe hê.

Jy het nie buitengewone eienskappe of kwalifikasies daarvoor nodig nie. Hy aanvaar jou net soos jy is. Die Jode het verwag dat Hy hulle van die Romeinse-juk gaan verlos. 'n Groot generaal en veldheer! Ons weet darem wat die werklike doel van Sy koms was. Hy het die prys vir die sonde betaal en vir ons die weg na God geopen.

Ons het mekaar, op nuwejaar 'n voorspoedige nuwejaar toegewens. Skielik was ons na die werklikheid terug geruk. Wat hou 2019 vir ons in? Met al die onsekerheid van 2018, wat is die kans dat 2019 beter sal wees? Ons weet nie, maar God weet! Die nuwejaar is vir Hom glashelder!

U kan vra – wat die bekende en oeroue verhaal van Dawid en Goliat vir ons in 2019 inhou. Dit was hier om 'n geveg tussen God en 'n mens. Hier gaan dit oor – Goliat – wêreld se mag teenoor God se mag.

Die laers van Israel en die Fillistyne het teenoor mekaar gestaan en kamp opgeslaan. En hier kom die reus te voorskyn, en die vegters van Israel vlug soos bang hase en soek skuiling. Goliat daag enige vegters van Israel uit – tot die God van Israel.

Kom ons trek hierdie verhaal deur na ons lewe vandag. Jy het sekerlik ook al begeer om jou vyande met meer krag aan te vat. Jy wil soos 'n Goliat wees, en die wenner wees. Mense word gou deur wêreldse mag beïndruk. Wie sal nie bang word as 'n fisiese oormag jou bestorm nie?

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082

Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO

Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

Goliat, die baasvegter, het daardie fisiese vermoë gehad om met sy reuse gestalte van drie meter vrees in te boesem, en het as baasvegter opgetree. Hy het op sy eie krag en vermoë staatgemaak. Hy dink slegs in terme van menslike mag. Hy dink nie aan die Here se krag en die moontlikhede van die geloof nie. Hy hou geen rekening met die Here, die almagtige nie.

So wil die Here ons ook soms toets deur 'n Goliat voor ons te laat staan. Goliat word nie deur 'n koning verslaan nie, maar deur 'n skaapwagtertjie, Dawid, 'n kind van God.

Dawid word op die toneel gebring om te wys dat wêreldse mag nie kan standhou teen die Here se mag nie. Dawid het met kinderlike vertroue in die Here, en die nietige wapentuig waaroor hy beskik, gebruik en God het hom binne die menslike, hopelose situasie die oorwinning gegee.

Nie Goliat nie maar Jesus Christus is die volkome verlosser en ewige koning wat alle mag in die hemel en op die aarde het, en al ons doodsnyende verslaan het. Daar gaan gewis Goliatte op ons lewenspad kom. Solank ons vashou aan die Here sal ons in Sy naam die gevegte wen. Mag ons elkeen Sy nabyheid in ons lewe ervaar.

Daarom sal ons nie vir 2019 vrees nie, soos Dawid in een van die Psalms sê: “Met God aan my kant loop ek 'n bende storm”.

Mag God ons metgesel wees, nou maar ook vir die res van ons lewe.

Ek bid U 'n wonderlike en geseënde 2019 toe.

2. **PRODUKSIE 2000**

Op **14 Maart 2019** sal Produksie 2000 ons skool met 'n optrede van “Die Legkaart”/“The Puzzle” besoek, soos altyd verwelkom ons die groep met ope arms. 'n Groot legkaart word gebruik om te wys dat alhoewel die vorm van legkaart stukke verskil, die stukke (net soos leerders) wel bymekaar inpas om 'n prentjie te vorm. Die produksie sentreer rondom die skool boelie, bleeksiel (“nerd”) en snob wat hulle weergawe van “Slapende Skoonheid” vir die Inter-Skole Revue Kompetisie, op die planke moet bring. Die boodskap is duidelik: Leef met en leer van mekaar. Respekteer ander se verskille en – buiten dit alles, weet wie jy is en waar jy wil inpas. Hope pret en gehoor interaksie deurgaans.

Die kaartjie prys is **R20** en moet die skool voor **13 Maart 2019** bereik.

3. **FINANSIES:**

Geen kontantgelde sal ongelukkig na 10:30 in ontvangs geneem kan word by die finansieskantoor nie. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.

4. **ATLETIEKBYEENKOMS:**

As gevolg van die Atletiekbyeenkoms van Dinsdag wat so laat gaan eindig, het die organiseerders besluit om die Inligtingsaand van Gr. 6 te kombineer met die Inligtingsaand vir gr. 7's. Beide grade het dus **Woensdag Inligtingsaand**, die tyd bly **18:00**. 'n Vriendelike versoek word gerig dat u asseblief die Inligtingsaande sal bywoon, want belangrike inligting word gedeel.

5. ATLETIEK SEISOEN INLIGTING:

Vrydag 11 Januarie 2018 is die massa atletiek by die skool, waar die leerders gaan deelneem en uitdun vir 'n plek in die skool se atletiekspan.

- Die klere bly dieselfde as die vorige jaar: Arende: A-F - Rooi
Berghane: G-P - Geel
Visarende: Q-Z - Blou

Indien u kind nie 'n hemp of broek in die betrokke kleur het nie, kan u 'n kleur gebruik naby aan 'n strikkie van die betrokke kleur.

- Die program sal om 8:25 begin en rondom 13:30 eindig. **INDIEN DIT REËN KOM LEERDERS STEEDS SKOOL TOE WAAR DAAR 'n BESLUIT GENEEM SAL WORD.**
- Ongelukkig is hierdie jaar se program baie druk en ons het reeds volgende week en **Dinsdag 15 Januarie 2019 'n byeenkoms by L/S Danie Malan en Donderdag 17 Januarie 2019 by L/S Boerefors**. Indien u kind Vrydag onder die eerste 4 of 5 (afhangende van die betrokke item) eindig gaan hy/sy 'n brief ontvang Maandag vir Dinsdag en Donderdag se byeenkomste. Ons vra om verskoning dat die brief so op die nippertjie uitgaan, daar is ongelukkig niks wat ons daaraan kan doen nie.
- Maandag sal ook dien as 'n vinnige oefening vir die betrokke afrigters om hul leerders te leer ken. Na volgende week sal die oefening normaal voortgaan en met 'n volgende brief deurgegee word.
- Die vervoer vir die byeenkomste volgende week sal in die briewe geplaas word. Daar sal busvervoer beskikbaar wees. Dis dus noodsaaklik om die brief dan asb Dinsdag terug te bring.
- Die klere vir die byeenkomste van volgende week is die gewone betrokke drag wat beskikbaar is by Snapit. Anders kan die Vrydagdrag groen gholfhemp met 'n swart kortbroek wees.

6. LOCKERS:

Die huur van die lockers is R130 per jaar. Alle slotte van 2018 moet Maandag 14 Januarie 2019 verwyder wees **voor** skool begin. Alles wat in die locker was moet verwyder word. Indien daar teen Maandag 14 Januarie 2019 nog slotte aan die lockers is, gaan dit geknip word. Lockers kan gehuur word vanaf Maandag 14 Januarie 2019.

7. ALMANAK 2019:

Gebruik asseblief die almanak vir inligting rakende gebeure by die skool.

8. WAGHOK:

Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal se sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing.

9. "SNAPIT" SKOOL EN SPORT WINKEL:

U kan nou "Snapit" telefonies kontak.

Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.

Kontak persoon: Corné Wiechers 082 334 0265

MNR. PJ SNYMAN
HOOF

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com